



**Om die lewenskwaliteit  
van persone met Downsindroom  
en hul families te verbeter**



### WAT IS DOWNSINDROOM?

Downsindroom is 'n genetiese afwyking wat ontstaan tydens bevrugting rasse en ekonomiese groepe kan geaffekteer word.

### WAT VEROORSAAK DOWNSINDROOM?

Genetiese materiaal, oftewel chromosome, is in die selstruktuur van elke lewende organisme teenwoordig.

Chromosome staan ook as die bloudruk van die lewe of individuele organisme bekend en dit bepaal die unieke eienskappe van daardie wese. In die normale selstruktuur is die chromosome gerangskik in pare en het elke menslike sel 46 chromosome wat in 23 pare gerangskik is.

Met Downsindroom word daar gevind dat daar 'n oormaat genetiese materiaal teenwoordig is. 'n Ekstra chromosoom nommer 21 is teenwoordig in elke sel van die persoon met Downsindroom. Downsindroom staan ook bekend as Trisomie 21. Dit verwys na die teenwoordigheid van drie kopieë van chromosoom nommer 21.

### DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DOWNSINDROOM:

Babas met Downsindroom lyk opsigtelik anders en kan gewoonlik reeds met geboorte geïdentifiseer word.

Die mees algemene kenmerke van Downsindroom word gevind in die gesig, hande, voete en die intellek (verstandelike ontwikkeling).

### GESIG

- Oë wat 'n opwaartse buiging vertoon
- Voue in die binnekanste hoeke van die oë (epikantiese voue)
- 'n Klein neusie met 'n breër, plat neusbrug
- 'n Klein mondjie wat die tong in verhouding groot laat lyk
- Ore wat klein en laer geïdentifiseer is.

### HANDE EN VOETE

- 'n Enkele vou oor die palm van die hand.
- Breë hande met kort vingers.
- 'n Pinkie wat soms na die binnekant toe inbuig.
- 'n Breë spasie tussen die groottoon en die tweede toon.

### ANDER

- Lae spiertonus – spier-hipotonie.
- 'n Vergrote buigbaarheid van die gewrigte – hiperbuigbaarheid.
- Los gevoude vel agter die nek.
- In 50% van gevalle kom hartafwykings voor.
- In 60% van gevalle kom visie probleme voor.
- Gehoorprobleme kan aanwesig wees wat spraak en taal affekteer.
- Skildklier probleme en leukemie, is meer algemeen as in mense sonder Downsindroom.

## INTELLEK

- Alle persone met Downsindroom het 'n lig tot matige intellektuele gestremdheid.
- Die aanwesigheid of afwesigheid van enige van die fisieke kenmerke is nie 'n aanduiding van die vlak van gestremdheid of die potensiaal van die individu nie.

## MET WIE KAN DIT GEBEUR?

Downsindroom kan voorkom in enige familie. Dit word nie veroorsaak deur kos, medikasie of enige ander gebeurtenis nie. Niemand behoort skuldig te voel of kan geblameer word daarvoor nie.

Navorsing het bewys dat die risiko vir Downsindroom verhoog met die ouderdom van die ma. 'n 20-jarige vrou se risiko is ongeveer 1 uit 1700, terwyl die van 'n 40-jarige vrou se risiko ongeveer 1 uit 100 is. Alhoewel die risiko groter is vir ouer ma's om babas met Downsindroom te hê, kom dit nogtans voor onder jonger ma's.

## KAN DOWNSINDROOM OP 'N VROEËRE STADIUM OPGESPOOR WORD?

Die voorkoms van Downsindroom kan reeds in die fetus-stadium deur middel van verskeie toetse vasgestel word.

Toetsing kan gedoen word tydens verskillende stadia van die swangerskap en die akkuraatheid en risiko verbonde aan die toetse verskil onderling. Om hierdie rede is dit dus van uiterste belang dat toetsing eers geskied nadat genetiese berading gedoen word waartydens die feite, risikos en gevolge van die toetsing uiteengesit word vir die betrokke partye.

## IS DAAR 'N GENEESMIDDEL?

Daar is tans geen geneesmiddel vir Downsindroom nie. Baie kan egter gedoen word om 'n baba met Downsindroom en hul gesin te help.

Dit is noodsaaklik om fisieke gebreke ten opsigte van hart, gehoor en oë so gou moontlik te identifiseer en daarom word 'n ondersoek deur 'n geneesheer reeds op 'n vroeë stadium aangemoedig. Hierna kan die kind gehelp word om deur middel van verskeie vroeëintervensies- en stimulasie programme gebruik maak, om optimaal te ontwikkel.

Dit is belangrik om te beseft dat mense met Downsindroom gebore word met baie vermoëns en kwaliteite wat, indien dit optimaal ontwikkel word, die kind in staat kan stel om 'n sinvolle en kwaliteit lewe te geniet.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat, soos met enige ander kind die geval is, vind persone met Downsindroom, ook ten beste baat by 'n liefdevolle en stimulerende familie en huislike omgewing. Die ouer het dus 'n spesiale verantwoordelikheid in hierdie verband.



## WAAR OM MEER INLIGTING TE KRY?

**Vir verdere inligting en ondersteuning kontak:**



**The Down Syndrome Association Gauteng**

**The DSA Gauteng Office: 011 615-4180**

**Management Director: Marlene Boucher**

**E-pos: [marlene.dsag@megaweb.co.za](mailto:marlene.dsag@megaweb.co.za)**

**Outreach Co-ordination Manager**

**Saul Sibanda: 076 916-9814**

**E-pos: [saul.dsag@vodamail.co.za](mailto:saul.dsag@vodamail.co.za)**

**TDSAG Website: <https://tdsag.co.za>**